

INHOUDSOPGAWE

Inleiding	9
1. Jou stryd met God	13
2. Jou stryd met aanbidding	27
3. Jou stryd met godsdiens	41
4. Jou stryd met tyd	56
5. Jou stryd met gesag	69
6. Jou stryd vir vrede	84
7. Jou stryd met reinheid	99
8. Jou stryd met integriteit	114
9. Jou stryd met die waarheid	128
10. Jou stryd met tevredenheid	144
Studiegids	159
Eindnote	213

INLEIDING

Ter viering van koningin Elizabeth II van Brittanje se vyftigste herdenking op die troon het sy die gronde van Buckingham-paleis oopgestel vir 'n konsert. Die geleentheid was 'n reuse sukses en is afgesluit met 'n optrede van bekende kunstenaars soos Paul McCartney, Elton John en 'n hele klomp ander wat die enorme skare voorgegaan het in die ou Beatles-liedjie "All You Need Is Love".

Dit is 'n wonderlike liedjie, maar die woorde is baie ver verwyderd van die werklikheid van ons wêreld, wat gekenmerk word deur oorlog, haat en terreur, en ek kan uit eie ondervinding ook eensaamheid en vrees by daardie lysie voeg. Terwyl ek geluister het hoe Paul McCartney sing van liefde, het die tragiese ironie my getref dat sy kollega en medeskrywer John Lennon in 'n sinnelose daad van geweld deur 'n versteurde aanhanger doodgeskiet is.

Al wat jy nodig het, is liefde. Maar hoe kry jy dit? Al wat jy nodig het, is liefde. Maar hoe weet jy wat liefde is en waar kan jy dit moontlik kry? God is liefde en Hy roep ons

om 'n lewe te lei waarin ons sy karakter weerspieël. Maar dit is 'n uitdaging. Om die waarheid te sê, die grootste uitdagings van ons lewe het juis daarmee te make om God en ander lief te hê.

Hoe sal ons weet hoe God se liefde lyk? Die antwoord lê in die Tien Gebooie. Hulle wys vir ons God se karakter en hulle spel vir ons die betekenis van liefde uit. Ware liefde behels getrouheid, eerlikheid, betroubaarheid en tevreedenheid. Hierdie is almal dimensies van God se karakter en dit is hoekom hulle die dimensies van liefde verteenwoordig.

God is liefde en Hy roep ons tot 'n lewe wat sy karakter weerspieël. Dit is waarom Hy vir ons die Tien Gebooie gegee het. Hulle wys vir ons hoe God is en spel vir ons die betekenis van liefde uit. Die rede waarom ons nie egbrek mag pleeg nie, is omdat God getrou is. Die rede waarom ons nie valse getuienis mag aflê nie, is omdat God die waarheid praat. Die rede waarom ons nie mag begeer nie, is omdat God in Homself tevrede is. Hierdie dinge beskryf vir ons God se karakter, en aangesien jy na God se beeld geskape is, is dit die lewe waarvoor jy gemaak is.

Maar hierdie lewe kom nie van nature nie. Die drang na gierigheid, woede en eiebelang lê so diep in ons gewortel dat enigiemand wat met oorgawe probeer lewe soos wat hierbo beskryf word, binnekort daarvan oortuig sal word dat ons ernstig hulp nodig het.

Vir baie mense is die Tien Gebooie niks meer as oorblyfsels van die geskiedenis, bloot kliptafels nie – dalk van waarde om wet en orde in die samelewing te handhaaf, maar nie regtig bruikbaar in of toepaslik op die daaglikse lewe nie. Hierdie opdragte is egter baie toepaslik en hierdie boek sal vir jou wys hoe elkeen van God se gebooie direk van toepassing is op die tien grootste uitdagings van jou lewe.

God wil jou help in elkeen van hierdie uitdagings. Hy

wil jou die ware betekenis van liefde leer en jou lei na gesonde, florerende verhoudings, eerstens met Hom en daarna met die ander mense in jou lewe.

Die meegaande studiegids agter in hierdie boek sal jou help om dit wat jy leer deur persoonlike studie of in 'n groepsbespreking toe te pas. Ek is baie dankbaar teenoor my kollega Tim Augustyn vir sy uitmuntende werk in die voorbereiding van die studiegids. Tim het 'n spesiale gawe om vrae te formuleer wat jou sal lei tot 'n dieper begrip van die waarheid aangaande God en ook jouself.

Ons gebed is dat hierdie ontdekking van die Tien Gebooie jou geloof in Christus sal versterk en jou sal aanmoedig om te volhard in die tien grootste uitdagings van jou lewe.

1

JOU STRYD MET GOD

“Jy mag nie nog ander gode
buiten My aanbid nie.”

EKSODUS 20:3

Het jy God
onvoorwaardelik lief?

Een van die mees veelbesproke sake in die Westerse wêreld deesdae is die debat oor waardes. Ons waardes sê vir ons wat reg en verkeerd is en dit motiveer sekere gedrag in ons. Jou persoonlike waardes kan jou aanspoor om 'n skenking aan 'n sopkombuis te maak of om oor jou inkomste te jok vir die Ontvanger van Inkomste wanneer jy jou belastingopgawe invul. Dit kan maak dat jy vrywillige werk doen of jou eie belange probeer beskerm. Dit is geen wonder nie dat onderwysers, godsdienstige leiers, sakelui en politici almal saamstem dat ons waardes baie duidelik vasgelê moet word.

Waar kom jou waardes vandaan? En hoe weet jy watter waardes is die regtes? Is dit alles bloot 'n geval van persoonlike keuse? En indien wel, wat kan ons dan sê oor die waardes van mense soos Hitler, Stalin of lede van Al Qaeda? Hulle het ook waardes.

Waardes het iewers hul oorsprong, en die eerste ding wat ons van die Tien Gebooie moet verstaan, is dat hulle God se karakter weerspieël. Dit is waarom daar so baie kontroversie is wanneer hierdie gebooie in die openbaar uitgeleef word. Sekulariste maak beswaar dat hierdie gebooie spesifiek aan God en die Bybel gekoppel is. En natuurlik is hulle heeltemal reg as hulle dit sê. 'n Ander god sou ander gebooie gegee het.

Die God wat jy aanbid, sal die waardes vorm wat jy voorstaan, en die waardes wat jy voorstaan, sal bepaal watter soort leefstyl jy kies. Die algemene waardes wat die grondslag van Amerika gevorm het, het gespruit uit 'n ooreenstemming aangaande God. Sodra mense nie saamstem oor God nie, sal hulle ook nie saamstem oor waardes nie.

Dit is geen wonder nie dat party mense in Amerika ont-

stel word deur die uitdrukking “under God” oftewel “onder God” in die eed van getrouheid wat alle Amerikaanse burgers moet aflê. As ’n volk regtig een volk onder God wil wees, sal dit beteken dat hulle een of ander ooreenkoms moet aangaan om te lewe volgens die waardes wat God vir ons gegee het, en dit impliseer ’n leefstyl waarvoor baie mense glad nie te vinde is nie.

Die mense wat ’n leefstyl kies wat verskil van die beginsels van die Tien Gebooie, het ’n ander god nodig, en ongelukkig is dit presies wat besig is om te gebeur. Wanneer die God van die Bybel nie inpas by mense se planne nie, soek hulle ywerig na ander gode wat ander waardes sal weerspieël, en gevolglik ook vir ’n ander soort leefstyl voorsiening sal maak.

’n Land wat kies om miljoene babas deur aborsie dood te maak, moet beslis ’n ander god soek.¹ Ons samelewing stuur op ’n botsing af met die God van die Bybel, wat lewe gee en sê: “Moenie mense doodmaak nie.” Dit is geen wonder nie dat mense op soek is na gode wat ons nuwe keuses sal weerspieël.

Hierdie poging om God te herskep is niks nuuts nie. Dit gaan al die pad terug tot in die Tuin van Eden. Toe Satan die eerste man en vrou versoek het, het hy hulle van die Here af weggelok deur aan te voer dat God se opdragte hulle te veel beperk het.

God het vir die eerste man en vrou opdrag gegee om nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie. Maar Satan wou hê hulle moet ’n ander keuse maak. Sy doel was om hulle gedrag te verander. Die strategie wat hy gebruik het, was om hulle oortuigings te verander. “Het God regtig gesê julle mag niks van die vrugte in die tuin eet nie?” (Genesis 3:1). “En al hierdie praatjies oor doodgaan, is sommer ’n oordrywing. Julle sal tog sekerlik nie doodgaan nie. Nee, glad nie; julle sal soos God word. Julle kan die here van julle eie lewe wees. Julle kan self oor julle

waardes besluit. Julle kan self ontdek wat reg is vir julle!" (sien Genesis 3:1-5).

Gevollik het Adam en Eva verward geraak oor God. Hulle het hulleself in die plek van God geplaas deur te vat wat God nie gegee het nie.

Adam en Eva se eerste stryd was hulle stryd met God. Hulle wou God se plek inneem, en hoewel die eerste gebod nog nie op daardie stadium geskryf is nie, beskryf dit nie net die grootste stryd van ons eerste voorouers nie, maar ook van al hulle nakomelinge.

LEER KEN GOD OP SY NAAM

"Ek is die HERE jou God."

EKSODUS 20:2

Deur die hele geskiedenis heen het mense al herhaaldelik die God van die Bybel probeer vervang met ander self-gemaakte gode wat hulle eie waardes weerspieël. Die antieke gode van die Egiptenare het verteenwoordig wat vir hulle belangrik was: die Nyl (die god Osiris), paddas (Hekt) en die son (Ra). Die Babiloniërs het ook baie waarde aan die son (Bel) geheg, maar wysheid en literatuur (Nebo) was ook vir hulle belangrik, asook hulle stad (Marduk). Elkeen van hierdie gode het die waardes weerspieël van die onderskeie kulture waarin hulle geskep is.

In die hedendaagse tye plaas kommunisme die staat in die plek van God, kapitalisme plaas geld in die plek van God en hedonisme plaas plesier in die plek van God.

Die wêreld het 'n mark vir gode geword. Die vraag wat ons dus moet beantwoord, is: "Wat is uniek aan die God wat die Tien Gebooie gegee het? Waarom moet ons Hom volg?"

God het Hom aan Moses voorgestel op Sinaiberg (ook bekend as Horeb) toe Hy uit die brandende bos met Moses

gepraat het en hom opdrag gegee het om met Farao te gaan praat.

Moses wou weet wat God se Naam is. Dit is geensins vreemd nie. Egipte het sy eie gode gehad en as Moses sou sê dat God hom gestuur het, sou Farao wou weet na watter “god” hy verwys het.

Daarom het God vir Moses gesê: “Ek is soos wat Ek is. Sê maar net vir hulle: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur” (Eksodus 3:14).

In die oorspronklike Hebreeus was hierdie net een woord, met die letters YHWH. Dit is moeilik om presies te weet hoe hierdie woord uitgespreek is omdat die Hebreeuse teks in die Ou Testament sonder klinkers geskryf is.

As jy klinkers by YHWH voeg, kan jy “YeHoWaH” kry of in sy vertaalde vorm, *Jehovah*, hoewel baie deskundiges vandag glo dat die Naam as “JaHWeH” uitgespreek behoort te word.

Dit is die Naam waarmee God Homself bekend gestel het aan sy volk. Oral waar dit in die Ou Testament gebruik is, word dit as HERE in hoofletters vertaal, en dit is beslis belangrik dat toe Moses die pas vrygelate slawe na Sinai toe gebring het, God hierdie spesiale Naam gebruik het om Homself bekend te stel: “Ek is Jahweh, (die HERE) jou God.”

Letterlik vertaal, sê God hier: “Ek is ‘Ek is’, jou God.” Hy het vir hulle probeer sê: “Ek het ’n Naam. Ek is nie net ’n stuk klei wat jy kan vorm soos dit jou pas nie. Ek is wie Ek is. Ek is jou God en Ek nooi jou uit om ’n persoonlike verhouding met My te hê.”

Die God van die Bybel is wie Hy is. Dit beteken Hy is nie wie jy graag wil hê Hy moet wees nie. Hy is ook nie die produk van een of ander antieke kultuur of ’n weergawe van Moses se idees nie. Hy is wie Hy is.

Hy is die Skepper en die Onderhouer van alle dinge. Hy

is die onveranderlike, selfaangewese God en dit beteken dat Hy van niks en niemand afhanklik is nie. Hy word nie aangevul deur ons geloof of verminder deur ons ongeloof nie.

God gebruik die beeld van 'n bos wat nie uitbrand nie om hierdie beginsel aan Moses duidelik te maak. Vuur kan slegs brand terwyl dit brandstof het. Maar hierdie vuur was nie van die bos afhanklik om te bly brand nie. Dit het aangehou brand en die bos is nie verteer nie. Dit is hoe God Hom aan Moses bekend gestel het. Hy het gesê: "Ek is nie afhanklik van enigiets of enigiemand nie. Ek bestaan in die krag van my eie lewe. Ek is wie Ek is."

Dit onderskei Jahweh van alles anders in die heelal. Elke ding wat geskep is, is afhanklik van iets of iemand. Skole is afhanklik van leerlinge en onderwysers. Besighede is afhanklik van kliënte en vervaardigers. Kerke is afhanklik van gelowiges en predikante. Mense is afhanklik van kos, lug en water.

Maar God is van niks en niemand afhanklik nie. Hy bestaan deur die krag van sy eie ewige lewe. Hy is God, ongeag of ons in Hom glo of nie. Party mense het Hom lief, ander haat Hom, maar nie een van ons kan Hom vermy nie. Hy is wie Hy is. Wanneer jy Hom dus jou God maak, kom jy in ooreenstemming met die werklikheid. Om Hom te weerstaan is die grootste fout wat jy kan maak.

God se Naam onderskei Hom van alle ander gode. Hulle is maaksels van die geskiedenis, die produkte van die kulture wat hulle onderhou het. Net soos popsterre wat kom en gaan saam met die modes en die tye, kom en gaan hulle saam met die samelewings wat hulle geskep het. Niemand aanbid vandag meer vir Bel, Marduk, Baäl of Dagon nie. Hulle was ontwerpersgode wat nommerpas gemaak is vir die aanvraag van 'n mark wat nou lank reeds vergete is.

Maar Jahweh is wie Hy is. Hy was nog altyd en Hy sal altyd wees. Hy is nie deur ons woorde geskep nie. Hy is

deur sy Woord geskep en dit is hoekom dit heeltemal reg is vir Hom om te sê: “Jy mag nie ander gode buiten My aanbid nie.”

DIE WONDER VAN ONVOORWAARDELIKE LIEFDE

“Ek is die HERE jou God. Dit is Ek wat jou bevry het uit Egipte waar jy ’n slaaf was.”

EKSODUS 20:2

God kon die Tien Gebooie op grond van die gesag van sy eie Goddelike mag neergelê het. Inaggenome wie Hy is, kon Hy gesê het: “Ek is jou Skepper. Ek het die heelal gemaak. Ek het meer mag as ’n miljoen kernbomme, en daarom beter jy voor My buig en doen wat Ek sê.”

Maar God stel Hom nie aan sy kinders voor op grond van sy brute krag, soos ’n diktator nie. In plaas daarvan sê Hy: “Ek is die HERE jou God. *Dit is Ek wat jou bevry het uit Egipte waar jy ’n slaaf was.*” God het alreeds bewys dat Hy daartoe verbind is om goeie dinge vir sy kinders te gee, en dit is op grond van sy barmhartige ingryping om hulle uit slawerny te verlos, dat Hy Hom op sy kinders beroep om sy opdragte uit te voer.

Die lewe in Egipte was vir hierdie mense ellendig. Hulle lot was onbekend en hulle kon absoluut niks daaraan doen nie. Hulle was vasgevang in ’n lewe van armoede, misbruik en verdrukking, sonder enige moontlike uitweg.

Toe het Jahweh ingetree en hierdie mense uit Egipte verlos. Hy het hulle gered en nou het Hy Hom aan hulle bekend gestel: “Ek is Jahweh. Dit is Ek wat julle uit Egipte bevry het. Ek het die plaë oor julle verdrukke gebring. Ek het ’n pad deur die Rietsee gemaak en julle vyande vernietig. Toe julle geroep het, het niemand anders geluister nie. Maar Ek het. Niemand anders het vir julle omgee nie, maar Ek het. Ek is Jahweh, *julle* God, en dit is hoekom

julle geen ander gode buiten My mag aanbid nie.”

Jy sal nooit reg wees om God ten volle aan te neem totdat jy oortuig is daarvan dat Hy goed is nie. Jy kan jou dalk aan sy brute mag onderwerp, maar jy sal nooit brute mag liefhê nie. Dit is waarom dit so belangrik is dat God jou uitnoui om ’n liefdesverhouding met Hom te hê.

Dink ’n bietjie na oor die verskil tussen ’n ontvoerder en ’n minnaar. ’n Ontvoerder kan dalk sê: “Jy is myne,” op grond van sy mag oor jou. ’n Minnaar sê: “Jy is myne,” op grond van liefde.

Baie mense is onder die indruk dat die Tien Gebooie die woorde van ’n outoritêre godheid is, wat soos ’n ontvoerder daarop aandring om sy onaangename wil op ander af te dwing. Die mense wat dit glo, sal alles in hulle vermoë doen om so ver moontlik van God af weg te kom.

Maar Moses en die Israeliete het van beter geweet. Hulle het reeds God se genade eerstehands ervaar deur hulle buitengewone ontsnapping uit slawerny, en daarom het hulle nie God se opdragte gesien as iets wat deur ’n outoritêre godheid afgedwing word nie. Die opdragte was vir hulle soos die intieme woorde van ’n minnaar wat alles in sy vermoë gegee het om sy geliefde se liefde te wen en wat haar nou omhels en sê: “Jy is myne.”

Die rede waarom jy Jahweh jou God behoort te maak en sy opdragte behoort uit te voer, is omdat Hy God is en Hy is goed. Ons sien dit selfs nog duideliker in die Nuwe Testament waar ons ontdek dat die “Ek is” ’n menslike gestalte aangeneem het en aarde toe gekom het in die persoon van Jesus. Jesus Christus is Jahweh (die Ek Is) by ons. Dit is waarom Hy sê: “Ek is die brood wat lewe gee,” “Ek is die weg en die waarheid en die lewe,” en “nog voordat Abraham bestaan het, was Ek al wat Ek is” (Johannes 6:35; 14:6; 8:58).

Dieselfde God wat die Tien Gebooie aan Moses gegee het, praat met ons deur Jesus Christus, wat aarde toe ge-

kom het om vir ons nog groter redding te bring as vir sy kinders wat Hy van hulle Egiptiese slawerny gered het. Christus het na hierdie wêreld toe gekom om ons vry te maak van die slawerny van sonde, die dood en die hel. Stel jou voor die opgestane Here Jesus Christus staan voor jou en hou sy deurboorde hande na jou toe uit terwyl Hy sê: “Ek is die Here jou God. Ek het Myself gegee om jou te bevry. Moenie enige ander gode buiten My aanbid nie.” Hoe kan jy so ’n versoek weerstaan?

**AANBIDDING:
KWEEK ’N LIEFDE VIR GOD**

“Jy mag nie nog ander gode buiten My aanbid nie.”

EKSODUS 20:3

God nooi jou uit om ’n verhouding van wedersydse liefde en trou met Hom te hê. Dit is waarom die eerste gebod eintlik gaan. Jy kan nie eens probeer om hierdie opdrag uit te voer as jy nie oortuig is van God se liefde en genade nie. Maar vir dié wat glo, voel die eerste gebod soos ’n natuurlike uitvloeiing van dankbaarheid vir God se genade in Jesus Christus.

Om ’n lewe van liefdevolle trou aan God na te streef, beteken dat jy ’n liefde vir Hom moet kweek. Net soos met enige verhouding van opregte liefde behels dit dat jy aan Hom moet dink, Hom moet waardeer, Hom moet respekteer, Hom moet eer, Hom moet vertrou, jou hoop op Hom moet stel, jou in Hom moet verbly, Hom moet aanroep en vir Hom moet dankie sê.

Dit beteken dat jy vir God belangriker moet maak as enigiets anders in jou lewe sodat wanneer jy voor ’n besluit te staan kom, waar jou hart vir jou ongetwyfeld nee sê, jy nog steeds sal ja sê as dit beteken dat jy God sal ver-eer wanneer jy ja antwoord – omdat God vir jou belangri-

ker is as elke ander begeerte van jou hart.

Dit was die keuse van duisende gelowiges wat al in die tronk gegooi is of selfs gesterf het, eerder as om Jesus se Naam te ontken. Hulle het die eerste gebod uitgeleef.

As Christene kom ons bymekaar om God te aanbid omdat ons 'n liefde vir God wil kweek. In enige verhouding moet liefde vernuwe en aangevul word. My liefde vir my vrou word vernuwe wanneer ek tyd saam met haar deurbring en dit geniet om nuwe fasette te ontdek van die wonderlike persoon wat sy is. Hernieude liefde onderhou 'n huwelik en keer dat 'n man of 'n vrou in iemand anders begin belangstel. In 'n baie groter mate is dit jou genot in God se liefde en die hernuwing van jou liefde vir Hom wat jou sal motiveer om die eerste gebod te gehoorsaam.

BEKERING:

DRAAI WEG VAN ALLES WAT VIR GOD AANSTOOT GEE

Om 'n lewe van liefdevolle trou aan Jahweh na te streef beteken om weg te draai van alles wat Hom aanstoot gee. Sondes wat die eerste gebod oortree, het een ding gemeen: Hulle almal vervang God. Wanneer iets of iemand anders as God 'n posisie van beheer in jou lewe inneem, word die eerste gebod verbreek, aangesien daardie posisie slegs aan God behoort.

Ek het agtergekom dit help om 'n paar sondes te identifiseer wat die eerste gebod verbreek:

- Hoogmoed
- Heldeverering
- Verknogtheid
- Om toe te laat dat 'n ander persoon jou gewete bind
- Bygeloof
- Om die duiwel, mediums of fortuinvertellers te raadpleeg

- Om te verklaar of te glo dat alle gelowe na God toe lei (omdat dit alle gode op dieselfde vlak plaas)

Wanhoop is nog 'n sonde wat die eerste gebod verbreek. Hoe kan jy wanhopig raak as die Here jou God is? Wanhoop is die gevolg wanneer jy iets wil hê, en dan word jou teleurstelling omdat jy dit nie kan kry nie belangriker as jou trou aan God.

Hierdie is 'n ontnugterende lys van sondes. Ek sien tekens van heeltemal te veel van hulle in my eie lewe, en hulle wys vir my hoeveel ek nog moet leer oor hoe om die Here met my hele hart, my hele siel, al my verstand en al my krag lief te hê. Dalk voel jy dieselfde.

Die eerste gebod lyk op 'n afstand nogal maklik, maar sodra jy dit van nader beskou, sal jy sien hoe moeilik dit eintlik is. Jy kan dalk ontdek dat jy vir God wil sê: "Ek kan nie eens die eerste gebod nakom nie. Ek word omring deur ander magte wat my lewe beheer. Ek het hulp nodig!"

Dit is 'n wonderlike manier om na Jesus toe te gaan. Om die eerste gebod na te kom is 'n lewenslange stryd, maar met Christus se hulp en teenwoordigheid kan jy dit wel onder die knie begin kry.

DIE GRONDSLAG VAN VRYHEID

Die eerste gebod gaan gepaard met baie wonderlike seëninge vir dié wat dit nakom. Om die Here jōu God te maak sal jou bevry uit die greep van magte wat andersins jou lewe sal oorheers.

Ek het al dikwels met mense gesels wie se lewens deur 'n baasspelerige ouer, 'n outoritêre predikant of 'n manipulerende vriend oorheers word. In hierdie wanfunksionele verhoudings het iemand anders die plek ingeneem wat aan God behoort.

God wil jou van al hierdie vorme van onderdrukking

bevry. Hy stel dit baie duidelik in die eerste gebod: "Jy mag nie nog ander gode buiten My aanbid nie." Dit is so bevrydend. Wanneer jy die eerste gebod onderhou, sal dit jou vrymaak van 'n verknogtheid aan ander mense en van die beheer wat ander graag oor jou wil uitoefen.

Die eerste gebod vorm die grondslag van jou verwerping van baasspelerigheid: "Geen ander gode buiten My nie!" Dit laat geen ruimte vir diktatorskap nie. Geen mens het die reg om homself in God se plek te stel nie.

Die eerste gebod lê die grondslag vir vryheid. Dit is geen toeval dat lande oor die wêreld heen wat vryheid geniet, ten minste iewers in hulle geskiedenis die Tien Gebooe onderhou het nie. Dit is dus 'n groot jammerte dat soveel mense vandag wil wegbeweeg van hierdie opdragte af.

'n Huis kan nie bly staan as sy fondasie ondergrawe word nie. Dié wat die Tien Gebooe in die naam van vryheid verwerp, sal uiteindelik agterkom dat die vryheid waarna hulle soek, verlore gegaan het omdat die fondasie waarop dit gebou is, vernietig is.

DIE EERSTE LIEFDE VAN JOU LEWE

Dit is die moeite werd om te kyk na watter ander gode ons dalk in die versoeking kom om vandag bo Jahweh te stel. In die lig van God wat 'n Drie-eenheid is, noem die Bybeldeskundige James Packer 'n paar ander drie-eenhede wat meeding om sy plek in te neem: wellus, wêreldse rykdom en welvaart; behae, besittings en belangrikheid; sokker, sakeondernemings en sosiale sake.

Al hierdie dinge is goeie geskenke van God af. Maar enigeen van hulle kan 'n sonde teen die eerste gebod word as die spesifieke gawe vir ons belangriker word as die Een wat dit gee. Dan is dit afgodery.

Wat oorheers jou gedagtes, jou doelwitte, jou gesprekke? Wat is die eerste liefde in jou lewe? Dit is dan jou god.

OORGAWE: OM DIE HERE ONVOORWAARDELIK AAN TE NEEM

In die eerste gebod nooi Jahweh jou uit om 'n geloofstree te neem waarin jy Hom onvoorwaardelik as jou God aanneem. Hy nooi jou uit om dit te doen deur te vertrou in die wete dat Hy God is en dat Hy goed is.

Sy uitnodiging word op grond van liefde gerig. Hy is die God wat deur Christus aarde toe gekom het om jou van sonde, die dood en die hel te verlos, en wat dit gedoen het deur sy eie lewe aan die kruis af te lê en daarna weer op te staan om 'n pad deur die dood na die ewige lewe vir jou te voorsien. Hy het Hom onvoorwaardelik vir jou opgeoffer en nooi jou uit om jouself ook onvoorwaardelik vir Hom te offer.

Dit is amper soos die huwelik: God nooi jou uit om Hom as jou God aan te neem in goeie en in slegte tye, in tye van oorfloed en tekort, in siekte en gesondheid, en om alle ander prys te gee en slegs aan Hom getrou te wees tot die dood toe. Hierdie soort oorgawe aan God is 'n wonderlike fondament vir die huwelik. Om die waarheid te sê, as jy nie hierdie soort onvoorwaardelike verbintenis met God kan aangaan nie, hoe kan jy ooit daaraan dink om so 'n verbintenis met iemand anders aan te gaan?

Mense wat met God wil onderhandel, wil gewoonlik ook met almal anders onderhandel. Maar wanneer jy besef hoe groot God se onveranderlike, selfopofferende liefde vir jou is, en jy het jou volkome aan Hom oorgegee, sal jy begin ontdek hoe 'n lewenslange, onvoorwaardelike liefdesverbond lyk, en dit sal jou help om ook so 'n soort liefde vir iemand anders aan te bied.

KRY DIE VOORWAARDES UIT DIE PAD

Jou uitdaging is om God onvoorwaardelik aan te neem. Die

eerste gebod laat geen ruimte vir “as”, “maar” of “wanneer” nie, want sodra jy “as”, “maar” of “wanneer” sê, plaas jy iets anders in God se plek en daardeur verbreek jy die eerste gebod.

As jy vir God ja sê, maar dan byvoeg: “As U vir my gesondheid gee,” of “as U my gesin sal seën,” of “as U hierdie probleem sal oplos,” stel jy jou gesondheid, God se seën oor jou gesin of die oplossing van ’n probleem in die plek van God.

Die eerste gebod is ons grootste stryd omdat ons altyd voorwaardes wil stel. Ons wil God gebruik in plaas daarvan om Hom toe te laat om God te wees. Maar sodra jy God probeer gebruik, het jy Hom van die troon van jou lewe afgehaal en dít waarvoor jy Hom ook al wil gebruik in sy plek op die troon geplaas.

Toe Jesus gesê het: “Volg My,” het sy dissipels nie geweet waarheen Hy hulle sou lei nie, en jy sal ook nie weet nie. Wanneer jy Jesus Here van jou lewe maak, kan dit jou in ’n paar moeilike situasies laat beland. Die nege gebooie wat volg, beskryf die lewe waartoe God jou roep. Elkeen van hulle sal ’n stryd wees. Maar God roep jou om ’n tree van oorgawe te gee wat gebaseer is op vertrouwe omdat jy weet dat Hy God is en dat Hy goed is.

Is jy gereed om die Here onvoorwaardelik as jou God aan te neem?

STUDIEGIDS

Hierdie studiegids is ideaal vir persoonlike studie of as deel van 'n gereelde, georganiseerde groepbespreking, hetsy tuis of by die kerk. Vir groepstudie is hierdie gids ontwerp vir gebruik in tien sessies. Lees een hoofstuk van hierdie boek en berei dan jou antwoorde voor op die vrae wat daarop volg voordat jy die groepbyeenkoms bywoon.

Let asseblief daarop dat sinne wat in elke stel vrae in vetdruk staan, uit die ooreenstemmende hoofstuk in die hoofteks kom. Hulle word beklemtoon om hulle belangrikheid aan te dui, asook om jou te help om hulle in die ooreenstemmende teks op te spoor.

Ons gebed vir jou is dat jy in hierdie materiaal die tien groot uitdagings in jou eie lewe sal herken en dat jy deur God se genade 'n al groter liefde vir Hom en sy kinders sal kweek.

HOOFSTUK EEN JOU STRYD MET GOD

1. Dink terug oor jou lewe en identifiseer een persoon wie se leiding en riglyne jy graag nagevolg het. Dalk is dit 'n predikant, onderwyser, afrigter of 'n ouer:

Watter spesifieke aspek het veroorsaak dat jy hulle wil volg?

2. **Die God wat jy aanbid, sal die waardes vorm wat jy voorstaan, en die waardes wat jy voorstaan, sal bepaal watter soort leefstyl jy kies.**

Noem 'n leefstyl-besluit wat jy op die oomblik oorweeg:

Neem die twee opsies wat jy oorweeg en voer hulle terug na die waardes waarop hulle gegrond is. Voer dan die waardes terug na die fokus van jou aanbidding.

Opsie: _____

Waarde daaragter: _____

Fokus van jou aanbidding: _____

Opsie: _____

Waarde daaragter: _____

Fokus van jou aanbidding: _____

Skryf jou waarnemings neer:

3. **Hierdie poging om God te herskep is niks nuuts nie. Dit gaan al die pad terug tot in die Tuin van Eden.** God het vir die eerste man en vrou opdrag gegee om nie aan die boom van kennis van goed en kwaad te raak nie. Maar Satan wou gehad het hulle moet 'n ander keuse maak. Sy **doel** was om hulle *gedrag* te verander. Sy **strategie** was om dit wat hulle glo te ondergrawe.

Satan se strategie wou graag drie *terreine van geloof* ondergrawe:

#1 – *Het God regtig gesê ... ?*

(Hoe kan jy seker wees dat jy die *regte interpretasie* het?)

#2 – *Julle sal tog sekerlik nie doodgaan nie.*

(Hierdie praatjies oor die *dood* wat die gevolg van sonde is, is tog sekerlik 'n oordrywing.)

#3 – *Julle sal soos God word ...*

(Jy kan self oor jou eie *waardes besluit*.)

Watter terrein is vir jou die moeilikste? (Gee 'n voorbeeld.) Hoekom?

Terrein: _____ Voorbeeld: _____

Hoekom? _____

4. Jy is afhanklik. Jy is afhanklik van kos, lug en water. Maar God is van niks en niemand afhanklik nie. Hy bestaan in die krag van sy eie ewige lewe. **Hy is God, ongeag of ons in Hom glo of nie.** Hy is wie Hy is. As jy Hom dus jou God maak, is jy besig om in ooreenstemming met die werklikheid te kom.

Plaas 'n regmerkie op die lyntjie hieronder wat jou ingesteldheid teenoor God die beste verteenwoordig:

haat _____ vermyding _____ liefde _____

Probeer om die *hoofrede* vir jou huidige ingesteldheid te identifiseer of te beskryf:

5. God stel Hom voor deur te sê: “*Ek is die HERE jou God. Dit is Ek wat jou bevry het uit Egipte waar jy 'n slaaf was.*” As God vandag die Tien Gebooie persoonlik aan jou moet kom gee, hoe dink jy sal Hy Hom aan jou voorstel?

Skryf in jou eie woorde neer wat jy dink Hy sal sê:

6. Die Skepper wat alle mag het en aan niemand verantwoordbaar is behalwe Homself nie, doen nie 'n beroep op jou op grond van sy rou mag, soos 'n diktator, nie. In plaas daarvan sê Hy: “*Ek is die HERE jou God. Dit is Ek wat jou bevry het uit Egipte waar jy 'n slaaf was*” (Eksodus 20:2). Dit is op grond van sy onvoorwaardelike genade, ontferming en liefde wat Hy 'n beroep op sy volk doen om sy gebooie te gehoorsaam.

Jy sal nooit reg wees om God ten volle aan te neem totdat jy oortuig is daarvan dat Hy goed is nie. Ons kan

ons dalk aan brute mag onderwerp, maar ons sal nooit brute mag liefhê nie. Hoe oortuig is jy dat God goed is?



glad nie

hang af van
omstandighede

onvoorwaardelik

Verduidelik waarom jy die "x" gemaak het waar jy het:

7. Daar is 'n reuse verskil tussen 'n ontvoerder en 'n minnaar. 'n Ontvoerder sê: "Jy is myne" op grond van mag. 'n Minnaar sê: "Jy is myne" op grond van liefde. **Stel jou voor die opgestane Here Jesus Christus staan voor jou en hou sy deurboorde hande na jou toe uit terwyl Hy sê: "Ek is die Here jou God. Ek het Myself gegee om jou te bevry. Moenie enige ander gode buiten My aanbid nie."**

Wanneer jy Jesus se versoek hoor, hoe klink dit vir jou?

Soos 'n ontvoerder (mag) _____ Soos 'n gesig in die skare (swak) _____ Soos 'n minnaar (liefde) _____

Watter deel van sy versoek het die plasing van jou "x" die meeste beïnvloed? Hoekom?

8. Laat hierdie toepassing van die eerste gebod jou denke stimuleer:

a. *Babatreetjie: Kweek jou liefde vir God.* (Kies een of meer

om hierdie week op te fokus.) Om 'n lewe van lojaliteit aan God te kweek beteken om jou liefde vir Hom te kweek. Net soos met enige ander verhouding van opregte liefde behels dit dat jy aan Hom dink, Hom waardeer, Hom respekteer, Hom begeer, Hom vrees, jou hoop op Hom stel, jou verheug in Hom, Hom aanroep en vir Hom dankie sê.

b. Groot tree: Draai weg van alles wat God aanstoot gee. (Evalueer hierdie lys en draai weg van enigiets wat jy hier aantref.) Dit het my baie gehelp om eers 'n paar van die sondes wat die eerste verbod verbreek te identifiseer: hoogmoed, heldeverering, om 'n ander persoon toe te laat om jou gewete te bind, bygeloof, om die duiwel te raadpleeg, mediums, fortuinvertellers ... ongeduld met God ... om te glo of te verkondig dat alle godsdienste na God toe lei ... wanhoop.

c. Radikale lewensverandering: Neem die Here onvoorwaardelik aan. Toe Jesus gesê het "volg My", het nie een van sy dissipels geweet waarheen dit sou lei nie, en jy sal ook nie weet nie. Wanneer jy Christus die Here van jou lewe maak, kan dit jou in 'n paar moeilike situasies laat beland. Dit kan jou dalk na die ander kant van die wêreld toe lei. Dit kan jou selfs jou lewe kos. Maar God roep jou om op grond van vertrouwe 'n tree te gee om voluit vir Hom te lewe omdat jy weet dat Hy God is en dat Hy goed is.

Terwyl jy nadink oor die bogenoemde toepassings, skryf hieronder neer hoe jy graag op God se woorde aan jou in die eerste gebod wil reageer.
